

'n Vrou praat oor die ANC

Een van die top Afrikaanse professionele vroue wat in April deel was van 'n groep Suid-Afrikaanse vroue wat in Harare met ANC-vroue gesprek gevoer het, het met haar terugkoms in Suid-Afrika haar ervaringe met haar vriende gedeel in 'n lang brief. Hier volg 'n verkorte weergawe van die brief:

Ek was eers baie huiwerig (om te gaan), veral oor die klomp publisiteit wat vorige groepe "ANC-praters" gekry het, en die feit dat 'n mens miskien lyk of jy hulle daad goedkeur. Maar op die ou end het ek tog besluit om te gaan.

Ek weet lankal hoe lieg die pers — kyk maar net hoe smeer hulle ons land swart — en wou graag 'n eie opinie oor die ANC vorm. Verder glo ek ook daar moet met enigiemand gepraat word, sonder voorwaardes. Praat is nie vriendskap nie.

Nou vir my indrukke. Onthou tog, dis net my indrukke. Dit mag verkeerd wees, ek mag naief wees, dom, liggelowig, ensovoorts.

My eerste en oorweldigende indruk was die kwaliteit van die ANC vroue. Hulle is ontwikkelde, indrukwekkende diplomate. Selfs die heel jongetjies kan hul saak met oortuiging en logika stel. Die ANC het 'n departement vir vrouesake, en daar was 'n hele klompie vroue wat in die departement werk. Dan was daar 'n paar wat in die regsafdeling, onderwysafdeling of gesondheidsafdeling werk, of gesante in verskillende lande is. Daar was seker so vyf blankes, 'n Indiër of twee, 'n kleurling of twee, en verder swartes. Maar almal neem ewe vrymoedig deel aan die debat.

Tweedens moet ek praat oor die goeie gesindheid wat hulle deurgaans getoon het. Hulle was vriendelik en geduldig en ek het nooit 'n sweempie van haatdraendheid of vyandigheid gevoel nie. Hulle het uit hulle pad gegaan om ons te ontmoet waar ons was; al was dit soms in filosofie baie ver van hulle af.

Derdens het ek 'n heel ander/nuwe perspektief op die ANC as organisasie gekry. Mev Sally Mugabe het die konferensie geopen en daar was 'n hele groep Zimbabwiese vroue. Ons is ook Saterdag-aand deur die Kubaanse konsulaat onthaal, en het heelwat ander lande se verteenwoordigers daar ontmoet. Oral tref mens 'n respek vir die ANC aan, wat deur mense aan my beskryf is as "'n krag vir demokrasie", of "die mees redelike groep wat julle kan hoop om mee te onderhandel". En hulle is onteenseglik 'n groep met geweldige invloed. Hulle gaan nie ver-

oplossing in Suid-Afrika, of daar sal geen vrede wees nie.

En ook 'n nuwe perspektief op ons land. Ja, ek weet ons is nie so sleg soos hulle ons maak nie (en tussen hakies, dit is nogal snaaks hoe hulle weer 'n boer met 'n geweer agter elke bos sien, waar die regering 'n kommunist met 'n bom agter elke bos sien), maar ek is gedwing om te beseef dat ons ook nie so onskuldig is soos ons voorgee nie. In ons land hoor ons dikwels dat Suid-Afrika uitgekryt word as 'n destabiliseerder van sy bure, veral Mosambiek en Angola. Maar ons glo dit nie. Ons regering sê heeldyd hoe goed dit vir ons sal wees as ons stabiele bure het. Maar ek is bevrees ek moes begin glo dat Renamo nie veel meer is as groepies jong boewe wat sonder leierskap rondswerf en dood en verwoesting saai met wapens wat ons hulle gee nie.

Ons het 'n video oor die situasie gesien, wat skokkend was, en toevallig was daar

'Al is net 50 persent van wat daar gewys en gesê is, waar, is dit nog 'n geweldige skandvlek op ons naam'

Woensdag-aand toe ons daar arriveer, 'n program oor TV oor dieselfde saak. Al is net 50 persent van wat daar gewys en gesê is, waar, is dit nog 'n geweldige skandvlek op ons naam.

Die ANC maak geen verskoning dat hulle geweld gebruik nie. Hul argumente is as volg:

Hulle het in 1912 tot stand gekom, en het van toe af heeltemal sonder geweld probeer om gelyke regte te kry. Hulle was totaal onsuksesvol. Soveel so dat hulle in 1960 verban is VOORDAT HULLE ENIGE GEWELD GE- BRUIK HET. Dit is eers nadat hulle verban is, dat hulle besluit het om die "armed struggle", soos hulle verkies om geweld te noem, as een van hulle vier strategieë te aanvaar. "It was forced on us by a regime that will not listen to reason."

Hulle sien nie kans om geweld af te sweer as 'n voorvereiste vir onderhandelinge nie. Hulle argumenteer dat as die regering sê ons moet wen in Angola sodat ons uit 'n posisie van krag kan onderhandel, en as die VSA sê hulle moet hul weermag opbou sodat hulle uit 'n posisie van krag met die Russe kan onderhandel, hoe kan ons dit nie in die geval van die ANC verstaan nie.

Hulle sê dat, behalwe as jy 'n totale pasifis is, moet jy aanvaar dat daar situasies is wat geweld regverdig. Hulle sê die posisie van die anderskleuriges in Suid-Afrika is so 'n situasie. Die anderkleurige het nie die demokratiese reg (stemreg), wat hom in staat sou stel om van die regering ontslae te raak deur 'n verkiesing nie. Boonop maak die regering sistematies van die polisie en

die weermag gebruik om 'n oorlog TEEN DIE BEVOLKING te voer. Hulle geweld is dus in essensie selfverdediging, of die verdediging van die volk teen 'n onderdrukkende regering.

As 'n mens luister na hulle persoonlike verhale van polisie-optrede, aanhouding sonder verhoor, brutaliteit en absolute gebrek aan basiese respek vir die mens, is dit geweldig moeilik om hulle in die oë te kyk en hulle geweld te veroordeel.

Hulle is baie seker dat die ANC as sulks nie kommunisties is nie. Hulle wys vir jou uit watter vroue wel kommuniste is — daar was net een. Hulle sê dat die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party ook veg vir die ontbanning van alle politieke organisasies en 'n regering wat die hele bevolking verteenwoordig. En daarom werk hulle saam. Sodra 'n verkiesing in die "nuwe" Suid-Afrika afgekondig word, sal die Kommunistiese Party egter hul eie ding doen.

Oor sanksies het hulle ook 'n interessante standpunt, wat ek nog nie van tevore gehoor het nie. Volgens die VVO "charter" is rassisme 'n internasionale oortreding en Suid-Afrika is skuldig bevind aan hierdie oortreding, omdat ons diskriminasie op grond van ras in ons wetboek vervat het. Die enigste straf wat die internasionale wêreld kan gee vir so 'n oortreding, is sanksies.

Verder vra die ANC deurgaans vir onmiddellike, totale sanksies, want dit sou die SA-regering binne weke tot onderhandeling dwing, en die minimum skade aan die ekonomie aanrig. Maar hulle kry net gedeeltelike sanksies reg, sodat die ekonomie stadig doodgewurg word, met maksimum skade.

Maar soos met geweld sien hulle dit as een van die min "wapens" wat hulle het, en wat hulle sal moet aanhou gebruik.

Die ANC werk vir 'n nie-rassige, veelparty demokrasie in Suid-Afrika. Nie-rassisties: hulle wil al die groepe in Suid-Afrika hier hê en gebruik. Ook die witmense. Hulle kan dus nie sien dat 'n toekomstige regering nie ook blankes sal bevat nie. Maar daar sal geen verdeling op grond van ras wees nie, en hulle sien beslis die land as een, en nie as 'n klomp onafhanklike landjies nie.

Hulle wil hê die regering moet alle politieke organisasies ontban en alle politieke gevangenes vrylaat. Dan sal hulle na Suid-Afrika terugkom en dan kan onderhandelinge begin. Hierdie stap moet sonder voorwaardes (soos die afswaar van geweld) gebeur.

Daarna voorsien hulle 'n groot onderhandeling om 'n nuwe konstitusie op te stel. Dit mag voorafgegaan word deur 'n verkiesing van die mense wat dit moet opstel.

Nou my konklusies, want die brief raak onleesbaar lank. Ek dink ons blanke Suid-Afrikaners moet so gou as moontlik aanvaar dat ons beslis 'n swart meerderheidsregering gaan kry. Ons enigste keuse is of ons dit voor 'n oorlog of na 'n oorlog sal kry.

Ek het probeer om my gedagtes so duidelik as moontlik te deel. Ek sal baie graag van jou wil hoor wat jy van die hele storie dink. Selfs al is jy so vies oor ek skielik begin politiek praat en dan nogal sulke kommunistiese politiek, dat jy nooit weer met my wil praat nie, laat weet my tog. Dis vir my baie belangrik om te weet hoe jy voel.

'Ek is gedwing om te beseef dat ons nie so onskuldig is soos ons voorgee nie'

dwyn nie. Ons kan hulle nie wen deur meer en meer mense uit die land te jaag nie: hulle het oneindige finansiële en ander hulpbronne wat hulle bloot gebruik om elkeen van dié wat die land uit vlug, te ontwikkel in 'n effektiewe wapen. Hulle mense is almal besig om dwars oor die wêreld in elke moontlike veld opleiding te kry. Hulle is 'n groep wat deel sal moet wees van 'n politieke